Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

26 Julie 2026

*Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!*

# Die Boodskapper

**Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) /** admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:30) : Ds Jaco Linde

**Tema:** *Laat jul kinders tot My nader*

**Voorsang:** Sb. 3-2: 1 en 3
**Votum en Groetseën**
**Lofsang:** Lied 205: 1,2,3
**Geloofsbelydenis**
**Sing:** Sb. 1-4: 1,2,3,4
**Gebed**
**Wet van die Here**
**Sing:** Ps. 131: 1,2,3 (Totius)

**Teks: Lukas 18: 15-17**
**Tema:** *Laat jul kinders tot My nader*
**Woordverkondiging**
**Sing:** Sb. 16: 1,2,3
**Gebed**
**Offergawe**
**Uitstuurseën**
**Amen**

## English Service (16:30) : Rev Reynold Fourie

**Theme:** *God is so so good!*

- **Sing:** Mighty to save
- **Sing:** In Christ alone
- **Sing:** Before the throne of God above
- **Sing:** O Lord my God (How great thou art)
- **Sing:** You are my All in all

**Text:** Psalm 119 / 34

## Aanderediens (18:00) : Ds Brahm Robinson

**Tema:** *Christus maak my deur sy Gees deel van sy kerk omdat die Vader my uitverkies het.*

**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps.135: 1,2,3, en 8 (Cloete)
**Gebed**
**Sing:** Sb. 1-1: 1,2
**Woordbediening**
Skriflesing: Ef 1: 3-14 en HK Sondag 21

**Tema:** *Christus maak my deur sy Gees deel van sy kerk omdat die Vader my uitverkies het.*
**Gebed**
**Sing:** Sb. 1-1: 3 en 7
**Uitstuurseën**
**Amen**

## Waarvoor kan ons bid?

- Vir God se leiding en bewaring in die nuwe kwartaal.
- Vir al ons gemeentelede wat tans siek is en diegene wat in die hospitaal opgeneem is.
- Dank die Here vir sy volgehoue beskerming en liefde.
- Vir die vervolgde kerk regoor die wêreld.

Chri-sante: **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG** Instandhouding van Erediens en Emeritaatsfonds
**Sondag 2 Augustus:** Diakonale Kas en Bolandse Bedieningsfonds

| | **VANDAG:** | **Sondag 2 Augustus:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Pieter Venter | Hettie Henning |
| **Projektor:** | Andries Venter | Jenny Wendt |
| **Teeskink:** | GF09; GF10; ST4 en ST1 | GF11; GF12; KU1 en KU3 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Dawid du Plessis en Nic Grobler
**Sondag 2 Augustus:** Christie Fourie en André Dunn

**DAGBOEK 26 Julie tot 2 Augustus**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 9:00 |
| VANDAG | Katkisasie heropen | GKBO | Net na die oggenderediens |
| Ma 27 Julie | Bybelstudie - aand | GKBO | 19:00 |
| Di 28 Julie | Herderouderlinge verg | GKBO | 18:30 |
| Wo 29 Julie | Bybelstudie - oggend | GKBO | 10:30 – 11:30 |
| Do 30 Julie | Bestuursouderling verg | AANLYN | 07:30 |
| Do 30 Julie | Weskus Bybelstudie | Cornelia Jansen | 18:45 |

# Van die Kerkraadstafel:

**Ds Brahm** neem vanoggend die erediens by GK Vredenburg/Saldanha waar. Ons bid hom en die gemeente die seën van die Here toe.

**Die Ouderlinge** word herinner aan die Herderouderlinge vergadering komende Dinsdagaand om 18:30 te GKBO. Maak asseblief skriftelik verskoning by die skriba indien u nie die vergadering kan bywoon nie.

**Katkisasieklasse** begin DV weer vanoggend. Ons bid al ons ouers, kinders en hulpkategete die seën van die Here toe met hulle voorbereiding en deelname.

**Vertrek uit die gemeente:** Louis en Elna van der Walt met Bewys van Lidmaatskap na NG Kerk Bergsig.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Amie Aucamp** is in Panorama Medikliniek opgeneem vir toetse. Mag al die resultate gerusstellend wees en hy gou weer tuis kan wees.
- **Gertruida Gryffenberg** het geval en het nou beide bene in "moonboots" vir twee maande. Sterkte met die herstel Gertruida!
- **Lizelle Herbert** is steeds in Tygerberg Hospitaal. Sy toon al mooi verbetering maar gaan nog 'n tydjie in die hospitaal moet deurbring. Ons bid haar 'n algehele herstel.
- **Harding Joubert** het verlede Vrydag 'n ernstige hartaanval gehad en kon derhalwe nie sy kleindogter se doopgeleentheid bywoon nie. Hy is steeds in Kuilsrivier Netcare en wag op 'n nuwe pasaangeëer. Ons is dankbaar dat die Here Sy bewarende hand oor hom gehou het en ons bid dat hy gou weer sy volle kragte sal herwin.
- **Philip Kruger** het Vrydag 'n liesbreuk operasie in Cape Gate hospitaal ondergaan. Ons bid vir spoedige beterskap.
- **Jeanette Loock** en hulle gesin word ernstig beproef met Jeanette se gesondheid. Ons wil hulle verseker van ons voortgesette meelewing en gebede vir die gesin.
- **Johan Opperman** word komende Dinsdag in Kuilsrivier geopereer vir twee liesbreuke. Ons bid vir 'n suksesvolle operasie.
- **Sonja van Kaam** word Dinsdag opgeneem in Louis Leipoldt hospitaal vir 'n skouervervanging. Ons bede is dat hierdie operasie ook geseën sal wees en dat sy pynvry mag wees.
- **Robert Voogt** het Vrydag 'n knieoperasie ondergaan. Mag die herstelproses vinnig en glad verloop.

## Baie dankie

- **Dankie uit Zambië**

Baie dankie vir elke gebed en aan elkeen wat hulle beursies oopgemaak het om pastoor Kamboyi en sy familie te ondersteun na die tragiese aanval op die familie naby Lukulu in Wes-Zambië. GKBO het 'n bedrag van R38,320 aan die Kamboyi-familie oorbetaal.

Tragies het daar sedertdien nog 'n seun van die familie omgekom agv brandwonde opgedoen tydens die voorval. Mev Kamboyi is steeds in die Chitokoloki Sendinghospitaal maar maak goeie vordering. Hou asseblief aan om aan Pastoor Kamboyi en sy familie te dink in julle gebede.


- **Dankie!**

Liewe Ds Brahm en GKBO-gemeente, baie dankie vir u geduld en verdraagsaamheid tydens die bediening van die sakrament van die doop aan my kleindogter, Katryn, verlede Sondag. Dis vir my 'n heenwysing na God se lankmoedigheid met sy kinders. Ons het tydens die erediens God se heerlike boodskap uit Psalm 8 aangehoor en Sy lof besing met heerlike sang en orrelbegeleiding.

Oupa Erik Buenk (namens Katryn Joubert)

## Mediateek

Stel jy belang om meer doelgerig te lees, te sien wat ander lees of net wonder wat ander inspireer?
Loer gerus in by Facebook - die mediateek se "Christelike boekkletsklub" en begin gedagtes rondom boeke, potgooi en geskrewe inligtingsbronne deel.




*"As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,*
*die maan en sterre waaraan U 'n plek gegee het…"*
(Ps 8:4)

*"Die hemelruim verkondig die eer van God,*
*en die hemelkoepel maak die werke van sy hande bekend."* (Ps 19:1)

In hierdie boek lei die skrywer die leser om, deur die bril van God se Woord, opnuut verwonderd te staan oor die skepping wat God se glorie en heerlikheid besing.



**‘n Vriendelike uitnodiging van die VGK se Jeug – vir almal!**




Die Jeug van die VGK Bellville, nooi julle hartlik uit om 'n heerlike Spur maaltyd te geniet die 6de Augustus, by die Silver Spur, Bellville!

Nooi gerus u vriende, familie, bure en kollegas uit om die aand saam te geniet, terwyl die Jeug julle bedien!

'n Gedeelte van die opbrengs is **ten bate van die jaarlikse kerkkamp!**

Bespreek asseblief voor die tyd julle tydgleuf om te verseker dat julle plek bespreek is. Besprekings kan gemaak word by Riana Antonides (073 284 5002), Lise Van Renssen (073 326 8854) of deur die Google Form:

https://forms.gle/aNMD1WyytgWjDFZVA

## Woonstel Oorneem-Huurkontrak in Vierlanden, Durbanville in ń kompleks:

Reinhardt Hitge skuif vir 'n werksgeleentheid en soek iemand om sy huurkontrak oor te neem.

**Huur**: R15 400/pm (Water INGESLUIT)
**Deposito:** 2 maande se huur vereis
**Besonderhede:**
2 Bed | 2 Bad | Grondverdieping
Parkering - Toesluitmotorhuis + 1 Ekstra Parkeerplek

Ekstras - Privaat Braaikamer 💧, 2 Waterpunte, Fibre-ready, Gemene Swembad en kuier area
Intrekdatum: 1 Sept, is onderhandelbaar tot en met 1 Okt
Ideaal vir professionele mense of paartjies.

Indien u self, of iemand ken wat sou belangstel, kontak asseblief vir Reinhardt Hitge (082 473 2522) of epos: hitgereinhardt@gmail.com

# Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Wendy Meyburgh en André de Haan.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **26/07** | **VANDAG** | LIAN | CARSTENS | VR3 |
| | | **WENDY** | **MEYBURGH** | **VR3** |
| 27/07 | Ma | ANRI | DOUMA | GF32 |
| | | WILBRIE | FOURIE | GF29 |
| | | ARNOLD | MAHNE | GF06 |
| | | FRANCO | VAN DER MERWE | VR2 |
| | | HANNETJIE | VAN DER WALT | KU1 |
| 28/07 | Di | MARIE | BEKKER | TY3 |
| | | COEN | DU PLESSIS | GF04 |
| 29/07 | Wo | CARMEN | BLIGNAUT | KU2 |
| | | HENDRIK | GROBBELAAR | DN2 |
| | | CELIA | MAHNE | GF06 |
| 30/07 | Do | IETJE | BERG | KU2 |
| | | DANEEL | DE LANGE | GF03 |
| | | JANA | HITGE | DN2 |
| 31/07 | Vr | ELSJE | GREYLING | BL2 |
| | | MICHAEL | HOON | VR4 |
| | | NICHOLAS | SANDER | GF08 |
| **01/08** | **Sat** | **ANDRÉ** | **DE HAAN** | **EV2** |
| | | BURGER | JORDAAN | GF19 |
| | | KOBUS | VENTER | GF24 |



## God as die gelowige se Vader

In 'n wêreld vol onsekerheid en gebrokenheid, is daar een groot troos en waarheid in die evangelie wat ons kan bevry: Ons mag God "ons Vader" noem. Hierdie klink sommer eenvoudig, maar het 'n baie dieper betekenis vir ons. En, die beste is dat dit nie iets is wat ons verdien nie. Nee, ons ontvang dit uit God se genade. Dit is God se genadige openbaring in die Here Jesus Christus, en die werk van die Heilige Gees in ons harte.

## God se vaderskap is nie vanselfsprekend nie

Die Skrif leer ons duidelik dat nie alle mense God as Vader ken nie. In die sin van skepping is God inderdaad die oorsprong van alles wat bestaan (Handelinge 17:28). Maar, in die sin van genadige en verlossende vaderskap, is Hy slegs die Vader van dié wat aan Christus behoort. Hier word 'n onderskeid gemaak tussen God, die Vader van die skepping, en die besonderse vaderskap wat ons van God ontvang as die Vader, ons Verlosser. Dit is 'n belangrike onderskeid in die Bybelse verstaan van die evangelie. Deur die sondeval het die mens homself van God vervreem. Die mens is na die sondeval geestelik dood, blind en vyandig teenoor God. Romeine 3:10-12 maak dit duidelik dat niemand God van nature soek nie. Sonder die wedergeboorte deur die Gees, en geloof in Christus, kan 'n mens nie vir God as Vader ken nie. Slegs dié wat in Christus is – dié wat in die Here glo – word kinders van God. En hulle mag Hom met reg "Vader" noem (Johannes 1:12-13; Galasiërs 4:6). Hierdie kindskap is dus 'n gawe van genade, nie 'n algemene menslike eienskap nie.

## Christus bring ons in die Vaderhuis in

Die wonder van die evangelie is dat God self, in sy oneindige liefde, na ons toe gekom het. 1 Johannes 3:1 roep dit uit met verwondering:
*"KYK wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!"*

Hierdie vaderskap is dus nie natuurlik nie, maar bonatuurlik. Dit is iets wat God aan ons geskenk het in die Here Jesus Christus. Die Heidelbergse Kategismus verwoord dit in Sondag 46 só: "Waarom het Christus ons beveel om God met die naam Vader aan te spreek? Om reeds aan die begin van ons gebed in ons harte die kinderlike vrees en vertroue teenoor God te wek …"

Deur Christus, en slégs deur Hom, word sondaars kinders van God. Johannes 1:12 bevestig dit:
*"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."*

Die Here Jesus leer ons om in die gebed God aan te spreek as "Ons Vader wat in die hemel is." Dit beteken dat Christus ons leer om met vrymoedigheid, maar ook met ontsag, tot God te nader as ons liefdevolle Vader.
Kindskap bring sekerheid, troos en gehoorsaamheid
Wanneer ons God as Vader leer ken, verander dit alles. Dit bring 'n nuwe identiteit. Ons is nie meer vreemdelinge nie, maar eerder huisgenote van God. Dit bring troos in lyding, want ons weet Hy is in beheer

en sy Vaderhart is goed. En dit bring gehoorsaamheid want kinders wil hulle Vader behaag. Die ware kind van God wil nie meer in die wêreld se plesier en selfbelang leef nie, maar in dankbare diens aan die Vader.

Om God as Vader te ken is nie jou reg as mens nie, maar 'n genadegawe in Christus, bevestig deur die Gees. Dit is 'n hemelse werklikheid wat in die hart van die gelowige wortel skiet en hom dryf tot lof, gebed, gehoorsaamheid en diepe troos.

**In Christus sê God:**
*Ek sal julle Vader wees, en julle sal My seuns en dogters wees.- 2 Korintiërs 6:18*

Geskryf deur Alistair van Heerden: Gepubliseer in Kruispad Junie 2025 weergawe

## GKBO-Inligting

**Eredienstye:** **(Somer)** 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
**Engelse dienste: 16:30**

| | | |
|---|---|---|
| **Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00 | admin@gkbo.org.za | ☎ 082 712 4629 |
| **Kassier:** | kassier@gkbo.org.za | ☎ 083 659 1301 |
| **Ds.** Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | reynold@gkbo.org.za | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder / Zapper betaal word. Skakel die kassier of kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**

## GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**.
Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en slegs *admins* kan boodskappe versprei.

**Algemene Gemeente boodskappe:**
https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq

**Susters whatsapp groep:**
https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel

**Om *Die Boodskapper* op u whatsapp te ontvang:**
https://chat.whatsapp.com/LKaZRS4fpWy1ECVVaxs3gM

**Skakel na die gemeente se kalender:**
https://www.gkbo.org/kalender

**Kontaknommer vir die kerkkantoor:** **Jenny Wendt 082 712 4629**